

Personeelkamer Opening

96. Die Brug Opsiener

Eendag was daar 'n brug wat gestrek het oor 'n baie groot en breë rivier. Die brug het in die middel op 'n groot draai punt gerus. Gedurende die grootste gedeelte van die dag was die brug parallel saam met die rivier se walle sodat al die bote en skepe vry aan weerskante van die brug verby kon beweeg. Maar op sekere tye van die dag is daar treine wat oor die brug moet beweeg en dan word die brug dwars gedraai oor die rivier sodat die trein kan oorgaan.

Die brug operateur sit in 'n klein hout huisie op die wal van die rivier vanwaar hy die kontroles beheer wat die brug laat draai en in plek laat sluit wanneer die trein oorgaan.

Een aand terwyl die brug opsiener wag vir die laaste trein van die dag om verby te kom, kyk hy in die verte so deur die son se laaste strale en sien die trein se hooflig. Hy staan op en gaan na die brug kontroles en wag dat die trein eers die sekere punt bereik voordat hy die kontrole oorskakel vir die brug om te swaai.

Hy swaai die brug in posisie, maar tot sy skok, kom hy agter dat die sluit meganisme wat die brug in posisie hou aan die oorkantste wal nie werk nie. Indien die brug nie behoorlik gesluit is aan weerskante nie veroorsaak dit dat die brug geweldig rondbeweeg en dat die trein ontspoor en in die rivier beland.

Die ergste van alles was is dat dit 'n passasiers trein was met baie mense aan boord.

Instinktief, hardloop hy na die oorkant van die wal waar daar 'n meganiese sluitstuk is wat hy kan vasdruk om die spoor in plek te hou. Hy sal die heelyd die meganiese sluitstuk moet vastrek solank as wat die trein die brug kruis.

Hy kan al die geraas van die trein se ysterwiele op die spore hoor aankom toe hy die handvatsel van die sluitstuk vasklem en sy hele gewig ingooi agter die sluitstuk om die brug in te sluit.

Hy pas die heelyd druk toe om die meganisme gesluit te hou want baie mense se lewens hang daarvan af of die opsiener die regte ding doen.

Toe, van oorkant die brug waar sy kontrole huisie is hoor hy 'n geluid wat die sy hart feitlik laat stilstaan. "Pappa, waar is jy?"

Sy vier jaar oue seuntjie was besig om oor die brug te kom opsoek na hom. Sy eerste impuls is om vir die seuntjie te skreeu, "Hardloop! Hardloop!" Maar die trein was reeds te naby en sy klein beentjies sou hom nooit betyds oor die brug kon dra nie.

Die opsiener het amper die sluitmeganisme gelos om te hardloop en sy seuntjie te gaan gryp en na veiligheid te dra. Maar hy besef dat hy nie betyds sou kon terugkeer na die sluit meganisme nie.

Of die mense op die trein moes sterf of sy liefling seuntjie. Hy het net 'n oomblik gehad om die besluit te maak.

Die trein spoed vinnig en veilig verby op sy weg sonder dat enige een aanboord bewus was van die tenger gebreekte liggaampie wat meedoënloos deur die trein in die rivier geslinger is.

Ook was hulle nie bewus van die gebroke figuur van 'n wenende vader wat steeds verbete klou aan die sluit meganisme lank nadat die trein verby is.

Hulle het hom ook nie opgemerk terwyl hy huis toe stap, stadiger as wat hy nog ooit huis toe gestap het, om vir sy vrou te vertel hoe hulle seun wreedaardig gesterf het – sodat ander mense kon lewe.

Toepassing:

As jy jouself die emosies kan indink wat deur die hart van die opsiener moes gaan, kan jy maar net eers begin om te verstaan die gevoelens van ons Hemelse Vader toe Hy Sy Seun opgeoffer het om die gaping te oorbrug tussen ons en die ewige lewe.

Was dit dan enige wonder dat Hy die aarde laat bewe het en die son verduister het toe Sy Seun gesterf het?

Hoe dink jy moet God voel as ons so deur die lewe spoed sonder om te dink aan die offer wat Hy aan ons gebring het deur Sy seun te stuur om te sterf vir ons sondes sodat ons die ewige lewe mag beërwe?

(Joh. 3:16) Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Geskryf deur Georgie Claassen van die Christus Volgeling Facebook Groep.